



ANCHORS AWEIGH

SS672/1996

ANCHORS AWEIGH BODY CORPORATE

Tel : 039 699 2805

Fax: 086 535 7019

P O Box 326

HIBBERDENE

4220

admin@anchors-aweigh.info

**Notule van trustee vergadering gehou op
27 Desember 2013 te 152 Anchors Aweigh**

Teenwoordig:	Teenwoordig:	Verskooning:
Andre Stewart		
Johan van Emmenes		
Dirk Winterbach		
Wentzel Stewart		
Faan van Emmenes		
Chris Steyn		
Hennie Grobler		

Item	Besonderhede	Persoon verantwoordelik
1.	Verwelkoming: Johan verwelkom al die trustees. Baie welkom Chris Steyn, dankie dat jy bereid is om te help waar jy kan. Hy het baie kontakte en sal 'n voordeel wees vir die oord	
2.	<u>Kommittee verdeeling:</u> <u>Building and grounds:</u> Andre Stewart Faan van Emmenes Wentzel Stewart <u>Versekering:</u> Hennie Grobler <u>Kommunikasie:</u> Dirk Winterbach Chris Steyn <u>Onderhandelinge Komitee:</u> Andre Stewart Dirk Winterbach Johan van Emmenes <u>Verhuuring en Elektrisiteit:</u> Wentzel Stewart Hennie Grobler Ben Hechter	



	Finansies: Johan van Emmenes Dirk Winterbach	
3.	Admin pos: Desre sal nog help todat daar iemand is om die admin pos te vul. Die epos adres en telefoon lyn is die oord sin. Die meubels in die kantoor bly Desre se eiendom. Dit was baie positief om 'n kantoor op die oord te he. Daar moet 2 keer gedink word om 'n eienaar te gebruik vir die admin pos. Dit sal beter wees om iemand van buite af te gebruik omdat dit baie persoonlik raak, ons moet gaan kyk na Status mark of Pam Golding. Die kantoor is daar en kan gebruik word. Dit is nie dringend nie maar daar sal iemand aangestel moet word. Dit is 'n lang termyn plan en moet deeglik besluit word. Johan sal vir Ben vra om 2 dae 'n week by die kantoor te sit tot Maart maand teen R100 per dag, dat die trustees 'n finale besluit kan neem. Die internet moet aan bly vir die kameras en vir die eienaars.	
4. 4.1	Torgos: Dirk gaan Ballito toe om met die mense te gaan praat. Dirk sal 'n brief saamstel vir Amelia oor die AGM. Dirk verduidelik aan die nuwe trustees wat in die verlede gebeur het en waar ons nou staan.	Dirk
5. 5.1	Datums van vergaderings: Safari - 21ste Maart 2014 9uur te Anchors Trustee vergadering – 22ste Maart 2014 Tustee vergadering – 14de Junie 2014 te Crowthorne Lodge Trustee vergadering – 27ste September 2014 te Anchors Aweigh AGM 20ste Desember 2014 te Anchors Aweigh	
6. 6.1	Finansies: Andre vra dat dit genotuleer word dat daar 2 ekstra mense is wat gaan help om die dakke te herstel vir die tydperk en die ander span van die assuransie om die dakke ter herstel. Daar was 2 groot storms. Die badkamers by die swembad moet herstel word en 'n veiligheids hek moet opgesit word. Die storte wat nie gebruik word nie kan uitgeslaan word en Faan kan dit gebruik as stoor plek vir die swembad se goed. Faan vra dat daar 'n stort opgesit word sodat die mense gaan strot voor hulle in die swembad in klim. Die swembad lyk baie mooi en is die oord se trots, baie dankie Dirk en sy skoonpa dat hulle gehelp het om die heining so mooi te maak.	



ANCHORS AWEIGH

SS672/1996

Hennie vra of daar nie 'n paar "swings" in die oord se bome gehang kan word nie. Faan se hy sal die swings maak en dit in die bome hang.

Wentzel vra of ons nie die pad na die strand toe kan skoon kap en mooi maak voor die vakansies. Dit is nie die oord se verantwoordelikheid nie maar dit sal baie beter wees vir die eienaars en gaste om daar deur te loop en veiliger.

Met die dat Wentzel weg gaan, gaan Faan die dekkers oorvat, die verwer en bouer. Baie dankie Wentzel dat jy die mense hier los vir die oord om te gebruik.